

30 April 2009

Jaargang 2 – Uitgawe 12

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en klik op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by produksie@nhk.co.za



Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk
Die Hervormer
e-Hervormer

www.nhk.co.za
www.hervormer.co.za
www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html



Toe Hy hulle voete klaar gewas het, sê Hy vir hulle:
"Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?"
Uit Johannes 13: 12

VOORBLAD

Dankdag vir die Oes

Die Kerk het verlede Sondag, 26 April, die Dankdag vir die Oes gevier. Die dankfees vir die oes is reeds van die vroegste tye in die Bybel bekend. Die godsdienstige feeste was die middelpunt van Israel se godsdienstige lewe en hulle verhouding met God. Meeste Israëliete was bestaansboere en het bely dat God die Skepper en Gewer van alle gawes is. Die feeste van Oud-Israel dien as agtergrond vir die Kerk se dankdag vir die oes. Die kernboodskap van die dankdag vir die oes is ons geloof in die voorsienigheid van God. Ons bely ons afhanklikheid van God en ons leef in dankbaarheid omdat God in al ons behoeftes voorsien. Die Kerk het juis op grond van bogenoemde belangrike teologiese betekenis besluit om hierdie dae te handhaaf.

Israel het geglo dat die land God se land is en dat Hy die Skepper daarvan is. God is ook die eienaar, besitter en onderhouer van die skepping. God alleen is die groot Huiseienaar (*oikonomos* of Ekonoom). Alles wat bestaan en alles wat ons het en is, behoort aan die Here. God het ons aangestel as rentmeesters (*oikonomoi* of huisbestuurders) om sy skepping te bewoon, te bewaar en te bewerk. Die Griekse woord wat ons met rentmeester vertaal, is ook ons woord vir ekonomie. Alles wat ons het, is aan ons geleen en ons moet ook aan God rekenskap gee van wat ons daarmee gemaak het.

Ons glo dat God in ons daaglikse brood voorsien. Die mens in die stad en op die platteland moet weet dat die mens plant en natgooi, maar dat God alleen laat groei. Die brood wat ons op die rakke koop, kom van die mielies en koring wat ons geplant en geoes het. Dit maak dus nie saak of ons boer of nie, of ons in die stad of op die platteland woon nie. Ons is God se ekonome of huisbestuurders wat afhanklik is van sy voorsienigheid en wat Hom alleen moet dank vir die vrug op ons arbeid.

God het in sy groot liefde en genade in 2008 en nou weer in 2009 vir oeste op ons lande gesorg. Daarom dank en loof ons God vir sy troue liefde en sorg vir ons. Alles in die ekonomie word bepaal deur vraag en aanbod. Daar is baie faktore wat 'n rol speel in die finale prys wat die boer vir die oes kry – byvoorbeeld insetkoste, die prys op die wêreldmark vir die produk, en die ekonomiese resessie. Ten spyte daarvan het ons groot dankbaarheid en blydskap vir God se voorsienigheid.

Ons dankbaarheid moet nou ook sigbaar word in ons verhouding met God. Ons leef in verbondenheid met God, daarom moet ons die vrug van die geloof dra. Ons goeie werke is getuigenis van ons geloof in Christus en is alleen tot eer van God. God gee vir ons die lewe in oorfloed, sodat ons Hom met oorfloed kan dien. Ons verantwoordelikheid is om vir God alles te gee wat aan Hom behoort.

Dr Gert Volschenk, Sannieshof



BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by ernest.vaneck@up.ac.za om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by www.nhk.co.za te plaas.



Ds Petrus Harmzen

Beroep bedank

- **Ds Petrus Harmzen** van die kombinasie Hartbeesfontein/Gerdau na die Kurumankombinasie.

Vakante standplase

- **Gemeente Randburg** beskik oor 'n vakante volsorgstandplaas. Die gemeente word tans bedien deur ds CJ van Wyk, en die tweede predikant sal onder sy leiding werk. Aansoeke moet **teen Vrydag 15 Mei** ingehandig word, en die pos sal vanaf 1 Julie 2009 beskikbaar wees. Stuur aansoeke aan die skriba by **ElnaV@nhk-randburg.org.za**, of skakel mev Elna van der Walt by 086 547 3586 of 011 789 4568 (faks). Volledige besonderhede oor die pos is beskikbaar op die Kerk se webblad by www.nhk.co.za.
- **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** beskik oor 'n vakante volsorgstandplaas. Die gemeente deel die kerkgebou, saal en kategeselokale met Gemeente Oostelike Pietersburg. 'n Skakelkomitee hanteer alle gemeenskaplike sake. Kandidate moet bereid wees om 'n erediens in die gemeente te kom lei en 'n gesprek met die beroepskomitee te voer. Aansoeke met 'n volledige CV moet die gemeentelike kerkkantoor bereik **voor of op 15 Mei 2009**, of kan elektronies na nhk.welgelegen@absamail.co.za gestuur word. Die kerkraad behou die reg voor om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie. Navrae kan gerig word aan oudl Antonie van Staden by 082 576 6355.

PREDIKANTE EN GEMEENTES



Dr Gerrie Bloem

Ds Johan van Staden



Ds Tony Simpson

Ds Buddie Dupper




Prof Jimmie Loader (middel)

- **Dr Gerrie Bloem** was vyf dae lank in die Sunningdale-hospitaal in Klerksdorp vir 'n neusoperasie. Daar is gevrees dat hy breinvliesontsteking kon kry, maar dit is voorkom en hy sterk nou tuis aan.
- **Ds Johan van Staden** van Gemeente Sionspoort in Randfontein se vader is op 18 April oorlede. Meegevoel word met hom en sy familie betuig. Ds Van Staden is intussen getroud. Hartlike gelukwense ook aan die paartjie.
- **Ds Tony Simpson** is verkies as die eerste voorsitter van die "nuwe" Bybelgenootskap (as artikel 21-maatskappy). Dit is 'n besondere prestasie vir 'n lidmaat van die Hervormde Kerk, en ons wens hom van harte geluk. Ds Simpson is in 1966 georden, het die gemeentes Wolmaransstad, Bulawayo, Durban-Suid en Randburg bedien, en was ook vroeër evangelisasiepredikant. Hy het in 2007 emeritaat aanvaar, maar is reeds baie jare lank betrokke by die Bybelgenootskap.
- **Prof Jimmie Loader** het op Vrydag 24 April 'n eredoktorsgraad van die Universiteit van Pretoria ontvang. Dit is 'n Doctor Philosophiae, en is deur die Fakulteit Geesteswetenskappe voorgestel. Hierdie is sy vierde doktorsgraad. Op die foto hiernaas kyk prof Henk Potgieter, adjunkdekaan van Geesteswetenskappe, toe en dr Dawie Marais, direkteur Akademiese Dienste, hang die band oor.
- **Ds en mev Buddie Dupper**, wat die beroep na die Piet Retiefkombinasie aanvaar het, het reeds na Piet Retief verhuis en is deur die kombinasiegemeentes ontvang. Die Dupper-egpaar het sedert 1988 in die Bloemhof/Christiana-kombinasie gewerk. Hulle werk nou in hulle derde gemeente.



Dr Philip Nolte

Ds Adam Barnard



Ds Kalfie Loots

Ds Elsie Pretorius



Prof Andries
Breytenbach

Ds Johannes
Greyling



Dr Ernest Marran

Ds Rika van Staden

- **Dr Philip Nolte**, vroeër predikant van Gemeente Oostelike Pietersburg en tans beroepafwagting, het besluit om van lewenstaat te verander en ook te bedank as lidmaat van die Kerk. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) het hom op 23 April uit sy amp onthef.
- **Ds Adam Barnard**, deeltydse predikant van Ruskoppies, en sy gesin het besluit om na Australië te emigreer. Ds Barnard het reeds 'n werkpermit bekom, en beplan om gedurende die volgende maand te verhuis. Hy het aansoek gedoen om van lewenstaat te verander en die Kommissie van die AKV het dit op 23 April goedgekeur. Hy word teen die einde van Mei onthef. Die gesin word seën in hulle nuwe land en werkkring toegebied.
- **Ds Kalfie Loots**, emerituspredikant wat tans in Thabazimbi woon, het vir bykans 'n jaar as pastorale hulp van Gemeente Joachim Prinsloo opgetree. Die gemeente is tans besig met beroepswerksaamhede, en ds Loots se dienswerk word aan die einde van Mei beëindig. **Ds Hennie van der Linde** van Gemeente Vliegepoort sal as konsulent optree vanaf 1 Junie en totdat 'n predikant ontvang en bevestig is.
- **Ds Elsie Pretorius**, deeltydse predikant van Gemeente Weltevreden, vier op Sondag 7 Junie haar 25ste jaar as predikant van die Kerk. Prof Theuns Dreyer, voorsitter van die Kommissie van die AKV en jarelange vriend van die Wolmaransgesin in Brits (die ouers van ds Pretorius), sal by die geleentheid groete aan die gemeente en gelukwense aan ds Pretorius oordra.
- **Prof Andries Breytenbach** het by die Kommissie van die AKV aansoek gedoen om te emeriteer. Hy beplan sy emeritaatgeleentheid vir Sondag 14 Junie. Prof Breytenbach het reeds as dosent by die Universiteit van Pretoria afgetree en is voltyds besig met Bybelvertaling. Hy werk tans as deeltydse predikant in Gemeente Bronkhorstspuit, waar hy ook vroeër predikant was. Die Kommissie hanteer sy aansoek by hulle vergadering vroeg in Junie.
- **Ds Johannes Greyling** van Gemeente Erasmia is op 15 April van sy standplaas losgemaak. Die standplaas is nou vakant, en onder leiding van die Ringskommissie word beplanning gedoen oor die bearbeiding van die gemeente. Die konsulent, **ds Carl Potterill**, behartig tans die bearbeiding.
- **Dr en mev Ernest Marran** en hulle gesin word op Sondag 7 Junie deur Gemeente Losberg ontvang. Dr Marran is in 1989 in Gemeente Waterval Boven georden en as predikant in sy amp bevestig, en het al die jare in die gemeente gewerk. Hy het verskeie kere in die Ringskommissie gedien.
- **Ds Rika van Staden** is op Sondag 19 April deur Gemeente Welkom as predikant ontvang en in haar amp bevestig. Haar eggenoot, ds Gert van Staden, is benoemde predikant in die ring van Bothaville.
- **Die volgende predikante verjaar van 1 tot 7 Mei**, en word van harte gelukgewens:
 - Vrydag 1 Mei: Ds Nick Alberts
 - Maandag 4 Mei: Ds Pierre Roets
 - Dinsdag 5 Mei: Di Johan Bester, Hein Delpoort, Frik Engelbrecht en dr Ernest Marran
 - Woensdag 6 Mei: Di Maralise Janse van Rensburg en Cobus Manders
 - Donderdag 7 Mei: Ds Peet Botha
- **Gemeente Brackenhurst** het besluit om sy benoemingstandplaas te wysig na 'n standplaas met deelversorging. Die Kommissie van die AKV het die wysiging goedgekeur, en die kerkraad is besig om die saak af te handel. **Ds Deirdre van der Merwe** werk tans in die standplaas en sal die werk voortsit.



- **Oorwinningskinders** se konsert met jong Hervormers word aangebied deur **Gemeente Vaalharts** tydens hulle basaar op Vrydag 1 Mei. Navrae kan gerig word aan Riaan Esterhuizen by 082 453 6889. Vir optredes skakel dr Wilhelm Coetzer by 012 322 885 of mev Marita Fourie by 082 486 2420.
- Op Saterdag 2 Mei om 09:00 bied **Gemeente Delareyville** die **Genl Delareyfees** aan. Die gaskunstenaar is Bok van Blerk en die toegang is gratis. Daar sal 'n veiling met unieke artikels wees, hope hoë kwaliteit vleis teen billike pryse, en 'n verskeidenheid lekkernye. Daar is ook vermaak vir die kinders, en 'n kompetisie met as 1ste prys 10 topverse en 'n bul of R35 000, 2de prys 10 skaapooie of R6 000, en 3de prys 'n koedoe en 'n blesbok. Vir meer inligting of om 'n kompetisiekaartjie te koop, kontak ds Leslie Kern by 083 588 1332, Willie Naudé by 083 411 7795, Charles Olivier by 082 524 9091, of die gemeentelike kerkkantoor by 053 948 1992.
- **Gemeente Schweizer-Reneke** bied op Donderdag 7 en Vrydag 8 Mei 'n **Wildfees** aan. Die fees skop af met 'n wildete die Donderdagaand. Daar gaan ook 'n veiling plaasvind van wild en ander artikels. 'n Orkes sal optree en die kaartjies beloop R100 per persoon. Die Vrydagmiddag is dit tyd vir basaar. Vleis sal teen billike pryse te koop aangebied word. Kontak ds Rudi Schoeman by 082 557 7340 of Susan Kotzee by 083 758 9972 vir meer inligting.
- **Gemeente Verwoerdburg** hou op Saterdag 9 Mei 'n **Fiësta** met 'n Spaanse geurtjie. Kom toets jou balans op die meganiese bul, eet warm rooi rissies en geniet die sjarme van Spaanse dansers. Of lê weg aan smullekker pannekoeke, hamburgers en skyfies of gewone tradisionele kerrie en rys. Kom net! Die dag word opgehelder met musikante, trompoppies en 'n troeteldierskou. Vrydagaand word 'n ete en vermaak aangebied – die dominees wys hulle staal met Spaanse passies: wie dra die rok en wie die broek?
- Op Saterdag 9 Mei gaan Yoti die Griekse Boertjie Pietersburgers oefening gee met Griekse danse en lekker sang. **Gemeente Oostelike Pietersburg** gaan tradisionele Griekse geregte voorsit. Kaartjies beloop R100 per persoon. Kontak Ria by 082 851 8460 of Stoffel by 082 447 3574.
- **Gemeente Magaliesmoot** hou op Saterdag 9 Mei sy jaarlikse **basaar**. Verskeie stalletjies gaan eetgoed, naaldwerk, ingelegte groente en vrugte, plante en speelgoed verkoop. Die teetuin se koek en koffie is 'n moet en vleis sal ook teen billike pryse te koop aangebied word. Max van Heerden en Nicole de Wet gaan die mense vermaak met sang. Nicole speel ook saksofoon en dwarsfluit. 'n Veiling gaan ook gehou word. Daarmee saam is daar ook Laerskole 7's rugby. Alle belangstellendes word genooi om dié dag die feestelikhede te kom geniet.
- **Gemeente Erasmia** hou op Vrydag 22 Mei **konsert**. Yoti die Griekse Boertjie tree om 19:00 op in die kerksaal, en die kaartjies kos R60 vir volwassenes en R30 vir kinders onder 10 jaar. Dit sluit sop en nagereg in. Ons gaan Griekse danspassies leer en ook leer hoe om borde op die Griekse manier stukkend te gooi. Borde kos R5, en sjerrie sal ook teen R5 te koop wees.
- **Gemeente Randburg** hou op Saterdag 30 Mei sy jaarlikse **basaar**. Dit is 100% ten bate van barmhartigheid. Alle belangstellendes word genooi om dié dag iets vir liefdadigheid te kom gee en die feestelikhede te geniet. Daar is ook 'n **basarkompetisie** waarin 'n **bootreis** vir twee persone op die MS Melody na die Portugese Eilande gewen kan word. Die prys sluit in retoer vliegkaartjies vanaf Johannesburg na Durban, lughawebelasting, vervoer tussen die lughawe en die hawe, en 4 nagte op die MS Melody in 'n buitekajuit (alle etes ingesluit). Kaartjies is beskikbaar teen 'n donasie van R100. Kontak mev Elna van der Walt by ElnaV@nhk-randburg.org.za of 011 787 4893.





- **Gemeente Groot Marico** hou vanjaar hul jaarlikse **karnaval** op Saterdag 6 Junie. Hierdie karnaval is landwyd bekend vir die lekkerste pannekoek, die sappigste sosatie, die grootste stuk wildsbiltong, droëwors wat jou na jou asem sal laat snak en Marico se wonderkind – mampoer. Daar sal ook konfyte van elke kleur en geur beskikbaar wees, en handgemaakte meubels van olienhout sal saam met ander kosbare items opgeveil word. Jy kan 10 verse wen of R30 000 in kontant as jy 'n kaartjie teen R100 koop. As jou boerdery reeds op dreef is, skryf jou osse in vir die swaarste-oskompetiese – die swaargewigte het die skaal al tot ver bo 1 000 kg getrap. Gaan probeer skyfskiet, kleiduifskiet en kleilat-gooi, en luister na die gaskunstenaar, Pieter Koen. Navrae kan gerig word aan Boet Nel by 083 700 9751 of ds Willem Sauer by 079 699 1237. Besoek gerus ook die webwerf: www.maricosafarikarnaval.co.za.
- **Gemeente Wesmoot** in Pretoria hou op Saterdag 6 Junie vanaf 08:00 basaar op die parkeerterrein van Trade Centre. Daar sal vermaak wees vir die kinders, 'n teetuin met tuisgebak, en al die lekker dinge wat net by kerkbasaars te kry is.

ANDER NUUS

- 'n Werkwinkel onder leiding van die Raad vir Apostolaat oor die **verskuiwing van die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM)** het op 16 April plaasgevind. Verskillende moontlikhede is ondersoek, wat almal groot uitgawes vir die Kerk sou meebring. Die mees bekostigbare moontlikheid is die verskuiwing na die Sinodale Kerkkantoor. AIM sal dan op die tweede vloer van die noordelike vleuel van die Dirk van der Hoffgebou gehuisves word, en die studente sal verblyf in die omgewing bekom. Die saak geniet tans verdere aandag.
- **Die Ondersteuningsraad** wil gedurende die **September-skoolvakansie 'n kamp** aanbied vir 100 kinders wat in pleegsorg verkeer, by kinderhofondersoeke betrokke is, aan verwaarlosing en mishandeling blootgestel is, ensovoorts. Dit is die 10de sodanige kamp en is uitgebrei sodat kinders van ander kantore van die Raad ook betrek kan word. Tydens die kampe word terapeutiese groepwerk deur maatskaplike werkers aangebied. Studente help ook met die aanbieding van bewuswordingsgroepe, rekreasie, sportaktiwiteite en vryetydsbesteding. Die Ondersteuningsraad moet self die fondse vir die kamp genereer. Enigiemand wat kan help om kinders vir die kamp te borg, of wat meer inligting oor die projek verlang, kan Suzanne van Deventer kontak by 012 325 2320, 071 684 7789 of oraad@telkomsa.net. Die koste van die kamp is R600 per kind (dit sluit verblyf, etes, vervoer en hulpmiddels in).
- SENTIK benodig ervare **advertensieverkopers** om op 'n kommissiebasis advertensies vir die Kerk se publikasies te werf. Ons is ook op soek na mense met kennis van die boekhandel wat ons op 'n kommissiebasis kan help met die **bemarking van kerklige literatuur**. Belangstellendes kan dr Wouter van Wyk, Sekretaris: Toerusting, Inligting en Kommunikasie, kontak by 012 322 8885 of wouter@nhk.co.za.
- Met ingang van Maandag 4 Mei sal **mev Cecile Naudé** in die Kerkargief gesetel wees, waarvandaan sy ook haar Biblioteektake saam met haar nuwe opdragte sal uitvoer. Die administratiewe take wat sy die afgelope twee jaar in die tydskrifafdeling van SENTIK verrig het, word nou deur **mev Susann van Zyl** saam met haar normale take in die Boekwinkel behartig. Besoekers aan Barton Keep kan gerus by mev Van Zyl gaan inloer in haar nuwe winkel langs die voordeur van dié historiese gebou.
- Predikante, skriba's en kolporteurs word gevra om die **nuwe Lidmaatboek** nie net aan doopouers beskikbaar te stel nie, maar om dit ook by wyse van advertensies in gemeenteblaadjies en gereelde afkondigings aan alle lidmate bekend te stel. Die boekie is so saamgestel dat 'n lidmaat dit selfs terugwerkend kan benut. Daar bestaan vir baie lidmate, oud en jonk, foto's wat geneem is



Mev Cecile Naudé

Mev Susann van Zyl



tydens of rondom geleentehede soos doop, kategese, openbare geloofsbelydenis en huwelik. Gaan soek al die ou foto's en bring hulle aan op die betrokke plek in die nuwe Lidmaatboek. Ander gegewens is beskikbaar uit gemeentes se doop- en lidmaatregisters en kan aangevra word. Die nuwe uitgawe kan teen **R35 per eksemplaar** bestel word van mev Susann van Zyl, by 012 322 8885 (tel), 012 322 7906 (faks) of sentik@nhk.co.za.

- Die **NHSV hoofbestuur**, in samewerking met die Algemene Diakensvergadering (**ADV**), bied op Saterdag 6 Junie van 09:00 tot 13:30 'n **beraad oor dissipline** aan. Die tema is **GESONDE GESINNE**, en dit vind plaas by Gemeente Montana, hv Jan Bantjies- en Azanzaweg, Montana, Pretoria. Die organiseerders wil graag dat minstens twee afgevaardigdes per gemeente die geleentheid bywoon, sodat die saak verder in gemeentes hanteer kan word. Inskrywingsgeld beloop R100 per persoon en is betaalbaar voor 15 Mei aan die NHSV hoofbestuur. Dit sluit tee en verversings asook 'n ligte middagete in. Kontak die NHSV kantoor by 012 325 0117. Dit is belangrik om vroegtydig te registreer.
- Die organiseerders van die **Wêreldwye Biddag van Gebed** het vriendelik versoek dat die volgende geleentehede aangekondig word:
 - o 21-30 Mei: 10 dae van Dag- en Nag-gebed
 - o 31 Mei: Wêreldwye Dag van Verootmoediging en Gebed
 - o 1 Junie – 29 Augustus: 90 Dae van Seën

Vir meer inligting, besoek www.globaldayofprayer.com.

AGTERBLAD

Geïnspireer deur die Heilige Gees

Die Mei 2009-uitgawe van *Die Hervormer* word tans verpak om aan gemeentes versend te word.

In sy redaksionele artikel skryf dr Gerhard Lindeque dat die kernboodskap van die Bybel altyd dieselfde bly, en dat dié boodskap nie deur moeilike teologiese redenasies uitgedruk word nie. Dit word meestal op 'n heel gewone en eenvoudige manier oorgedra. Soos 'n ma wat haar kind van God leer. Daar behoort by ons baie groter waardering te wees vir die rol wat 'n moeder speel in die oordrag van geloof. Wanneer ons dus gedurende Mei ons moeders bedank vir die rol wat hulle in ons lewens speel, laat ons nie vergeet nie van die groot aandeel wat hulle in ons verhouding met God het. En mag God ons steeds inspireer deur sy Gees. Natuurlik is ons gerig op die hele wêreld. Maar laat ons hulle wat die naaste aan ons is, ons eie gesinslede en gemeentelede, nie vergeet nie. Dit is waar ons verantwoordelikheid om God se liefde uit te leef, begin.

In dieselfde uitgawe skryf dr Christo van der Merwe oor die nuwe koers wat apostolaat nou moet inslaan. Die gesprek wat 'n joernalis onlangs gevoer het met dr Wim Dreyer en wat uitgeloop het op 'n artikel in *rooi rose*, word opgesom vir ons lesers. Dr Lindeque resenseer die boek *The Shack* nadat talle lidmate daarvoor gevra het. Daar is ook berigte oor die bediening in Londen en Wenen, en ds Herman van den Berg gee 'n nugtere ontleding van dr Gert Malan se boek *Om die Bybel beter te verstaan*.

*** *Die Hervormer* is teen R70 vir 11 uitgawes beskikbaar. Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 of sentik@nhk.co.za as u daarop wil inteken.

